

2022

INTERNASIONALE VROUEDAG



MATIES
ALUMNI



Stellenbosch Vroue-alumnae Netwerk



MATIES
ALUMNI



Stellenbosch Vroe-alumnae Netwerk



As jy nog nie Internasionale Vrouedag op jou kalender aangeteken het nie, is daar nog tyd om te beplan voor **8 Maart 2022.**

GENDER-BASED VIOLENCE

IS A

PANDEMIC!

men → Protect women, children & the LGBTQI+ community

WAT IS INTERNASIONALE VROUEDAG?

WAT IS DIE TEMA VIR INTERNASIONALE VROUEDAG IN 2022?

Die tema vir Internasionale Vrouedag in 2022 is #BreakTheBias. Of dit nou doelbewus of onbewustelik is, vooroordeel maak dit moeilik vir vroue om vorentoe te beweeg. Om te weet dat vooroordeel bestaan, is nie genoeg nie, aksie is nodig om die speelveld gelyk te maak. Jy kan die vooroordeel in jou gemeenskap, jou werksplek of jou universiteit uit die weg ruim. Saam kan ons 'n geslagsgelyke wêreld skep.

www.internationalwomensday.com

Internasionale Vrouedag (IVD) is 'n dag vir ons om ons stemme saam te voeg met mense wêreldwyd en ons boodskap van gelyke regte hard en duidelik oor te dra: **“Vroueregte is menseregte!”**

Ons vier alle vroue, in al hul diversiteit. Ons omarm al ons fasette en kruispunte van geloof, ras, etnisiteit, gender of seksuele identiteit en gestremdheid. Ons vier dié wat voor ons geloop het, dié wat nou langs ons staan en dié wat sal volg.

Dit is 'n tyd om die prestasies van vroue op sosiale, politiese, ekonomiese en kulturele vlak te vier.

IS MANS OOK WELKOM?

Internasionale Vrouedag is 'n tyd vir almal, ongeag geslag of genderidentiteit, om die vordering te vier wat vroue gemaak het ten opsigte van gelykheid en om te onthou hoe ver daar nog is om te gaan. Manlike bondgenootskap is 'n welkome versterking van vrouestemme, veral wanneer mans bereid is om hul bevoorregting te gebruik om geslagsgelykheid te bevorder. En onthou, feminisme gaan nie net daaroor om vroue se lewens te verbeter nie, dit gaan oor die afbreek van alle skadelike geslagstereotipes en -rolle. Geslagsgelykheid behoort vir mans net so belangrik te wees soos vir vroue.



WAT HET PERS TE DOEN MET INTERNASIONALE VROUEDAG?

Die Vroue se Sosiale en Politieke Unie in die Verenigde Koninkryk het reeds in 1908 begin om pers, groen en wit te gebruik om vroue se gelykheid te simboliseer. Histories is pers 'n kleur wat geregtigheid en waardigheid oordra, en nou word dit gebruik om vroue te verteenwoordig. Groen is 'n simbool van hoop. Vandag is pers die kleur van Internasionale Vrouedag en saam met groen verteenwoordig dit die feministiese beweging.



DIE GESKIEDENIS VAN INTERNASIONALE VROUEDAG

Teen die agtergrond van haglike werksomstandighede en uitbuiting het 15 000 vroue in 1908 die strate van New York ingevaar om te betoog vir korter werksure, beter vergoeding en stemreg.

Die volgende jaar het die Sosialistiese Party van Amerika 'n Nasionale Vrouedag aangekondig om die betogers te vereer en in 1910 het dit wêreldwyd versprei. Die Socialist International het gestem vir die skep van 'n Vrouedag om stemreg te bepleit. Die eerste Internasionale Vrouedag is in 1911 gehou en meer as 'n miljoen mense het opgedaag by saamtrekke in Europa.

Vir die grootste deel van die 20ste eeu is Internasionale Vrouedag erken en gevier deur mense op voetsoolvlak – 'n saamtrepunt vir sosiale geregtigheid. Dit was eers in 1975 – Internasionale Vrouejaar – dat die Verenigde Nasies Internasionale Vrouedag ingestel het op 8 Maart, die datum waarop dit steeds gevier word.

WAAROM IS INTERNASIONALE VROUEDAG BELANGRIK?

Omdat ons nog nie daar is nie.

Die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 5 lui soos volg: Bereik geslagsgelykheid en bemagtig alle vroue en meisies teen 2030. IVD is 'n dag om te erken hoe ver ons gevorder het in terme van geslagsgelykheid en hoe ver ons nog het om te gaan.

In 1911 was daar slegs 8 lande wat vroue toegelaat het om te stem, gelyke betaling vir gelyke werk was ongehoord – as vroue hoegenaamd toegelaat is om te werk – en reprodktiewe regte het nie bestaan nie.

Ons het 'n ver pad gekom. Waar vroue eens nie kon stem nie, regeer ons nou lande. Waar ons eens beperk is in terme van waar ons mag gewerk het, bestuur ons nou maatskappye. In lande soos Suid-Afrika het ons regte waarvan ons oumas net kon droom, maar ons het steeds nie volkome gelykheid nie. En die meerderheid van die wêreld se vroue is nog baie verder van hierdie doelwit af as ons.





Meer as 100 jaar gelede het die eerste optog gegaan oor die beëindiging van skadelike werksomstandighede, gelyke regte, gelyke betaling en beëindiging van uitbuiting. Dit is hartseer dat daardie doelwitte vandag nog relevant is.

Vordering behoort liniër te wees, maar dit gaan te dikwels gepaard met 'n tree terug. Soms word wette en regte wat vasgestel is, geïgnoreer.

Byvoorbeeld:

- Ten spyte van wette teen huishoudelike geweld, openbare bewusmaking en toegang tot regsbeskerming, sê 51% van vroue in SA dat hulle al geslagsgebaseerde geweld ervaar het, met 76% van mans wat erken dat hulle al in hul leeftyd geslagsgebaseerde geweld gepleeg het (2010 Gauteng steekproef). In 'n soortgelyke studie het een uit elke vyf vroue gerapporteer dat hulle al gewelddadig behandel is deur 'n lewensmaat.
- Van die byna 73 000 aanrandingsake wat aangemeld is van Julie tot September 2021 het meer as 13 000 verband gehou met huishoudelike geweld.
- 9 556 mense is verkrag tussen Julie en September 2021. Dit is 7% meer as in die voorafgaande verslagperiode. Dit is gelykstaande aan byna 10 duisend mense wat binne slegs drie maande in Suid-Afrika aangerand en verkrag is – 'n skande en baie ontstellend. Die meerderheid mense wat verkrag word, is vroue en die kwesbaarstes in die gemeenskap. Statistiek wys dat hulle dikwels verkrag word deur persone wat hulle ken en vertrou, in hul eie huise of in plekke waar hulle gedink het hulle sal veilig wees (SAPD misdaadstatistiek).
- In 2019/20 is 'n totaal van 2 695 vroue vermoor in Suid-Afrika. Dit beteken 'n vrou word elke drie ure vermoor.
- Vrouemoordsyfers is vyf keer hoër in Suid-Afrika as die internasionale gemiddeld. Suid-Afrika het die vierde hoogste sterftekoers as gevolg van vroulike interpersoonlike geweld van 183 lande wat in 2016 deur die WGO gelys is.

IVD is 'n jaarlikse geleentheid om onder meer regerings en besighede te herinner dat vroue hier is om te bly en dat ons bereid is om tot aksie oor te gaan om ons menseregte te verseker.

Want vordering was nie gelyk nie.

Party vroue voel hulle het nie diskriminasie of teistering teëgekom of sistemiese hindernisse tot sukses ervaar nie, maar dis nie die ervaring van alle vroue nie. IVD is 'n geleentheid om die saamgestelde uitdagings te erken wat ervaar word deur vroue van kleur, vroue met gestremdhede en queer en trans vroue, en om in vennootskap met hulle te staan.

Dit is ook 'n blyk van solidariteit met ons susters wat woon in lande waar hulle nie kan optrek nie uit vrees vir hul veiligheid.

Op Internasionale Vrouedag onthou ons dat as een vrou diskriminasie, teistering, ongelykheid of onderdrukking in die gesig staar, dan doen ons almal.

Want soms moet ons onthou dat ons nie alleen is nie.

Tussen persoonlike ervaring en openbare nuus-opskrifte kan dit voel asof ons niks nader kom aan geslagsgelykheid nie, of dat dit te oorweldigend (en uitputtend) is om voortdurend sosiale norme uit te daag. Miskien is ons net moeg daarvoor om dieselfde stryd te stry. IVD is 'n wonderlike manier om weer geïnspireer te word en nuwe energie te kry, of om onself te herinner dat daar miljoene vroue daar buite is wat saam met ons staan, en dat ons dieselfde stryd stry – en wen.





STATISTIEKE

47 000

vroue en kinders is in 2020 vermoor deur manlike lewensmaats of familieledes – en dit is net die sterftes waarvan ons weet.

47

lande het steeds geen gevolge vir mans wat hul vroue verkrag nie.

45

lande het nie spesifieke wette teen huishoudelike geweld nie.

41.5%

SA vroue het 'n hoër werkloosheidskoers en hoër vlakke van armoede, met Swart vroue wat die kwesbaarste is met 'n werkloosheidskoers van 41.5%

(Official unemployment rate by population group and sex StatsSA QLFS data Q3 2021).



1 UIT 3 VROUE

Voor die COVID-19 pandemie was een uit drie vroue wêreldwyd tydens hul leeftyd blootgestel aan geweld deur 'n intieme maat of seksuele geweld deur iemand anders. Die syfers was selfs hoër vir 'n aantal lande in Afrika suid van die Sahara en Suid-Asië.

Nou, na twee jaar van die pandemie, was daar 'n kommerwekkende toename van geweld deur 'n intieme maat en ander vorme van geweld teen vroue en meisies, soos aangedui deur verskeie studies. Hierdie styging maak toenemende beleggings in die voorkoming van en optrede teen geweld teen vroue en meisies selfs meer dringend.

2.7 BILJOEN VROUE

word wettig daarvan weerhou om dieselfde werkskeuses as mans te hê.

70%

VAN SUID-AFRIKAANSE VROUE voel nie veilig om saans alleen in hul buurt te stap nie.

(StatsSA Governance, Public Safety and Justice Survey 2018/19).

HOE KAN EK BETROKKE RAAK BY #IWD2022?

LEER MEER

Vind meer uit oor die stryd vir geslagsgelykheid. Leer oor interseksionaliteit en die uitdagings wat vroue van kleur, trans vroue en vroue met gestremdhede in die gesig staar. Lees boeke deur vroue van alle lewensweë of word geïnspireer deur 'n toonaangewende feministiese geleerde en aktivis. Vind meer uit oor buitengewone vroue!

ONDERRIG JOU VRIENDE

Vier jou gunstelingvroue, vroulike leiers of feministiese prestasies deur hulle aan te kondig op sosiale media met die hutsmerk #IWD2022. As jy dit meer persoonlik wil maak, kan jy die wonderlike vroue in jou lewe bedank vir alles wat hulle doen.

WEES DOELBEWUS IN JOU KEUSES

Kyk op jou boekrak hoeveel boeke geskryf is deur mans in vergelyking met vroue (balanseer die boeke). Hoeveel vroue is in jou musiek-speellys? Hoeveel vroue bestuur die winkels waar jy koop? Dink of daar 'n beter manier is om vroue te ondersteun deur die media wat jy gebruik of die produkte wat jy koop.

MAAK 'N SKENKING AAN BRIDGE THE GAP

#EndPeriodPoverty

Het jy geweet 35% van vroue in Suid-Afrika kom voor die keuse te staan om óf 'n brood óf sanitêre produkte te koop? Studente dwarsdeur Suid-Afrika mis maandeliks ongeveer vyf dae aan onderwys vanweë 'n gebrek aan toegang tot sanitêre produkte.

Oorweeg 'n skenking en help met die befondsing van muntoutomate vir sanitêre produkte op ons kampusse. Studente sal outomaatmunte ontvang om in die masjiene te plaas en hul sanitêre produkte gratis te verkry. Dit sal verseker dat hierdie studente nie langer 'n maaltyd of hul opvoeding vir 'n basiese reg hoef op te offer nie.

Elke beskikbare rand kan 'n impak hê ter beëindiging van #EndPeriodPoverty, een van die prioriteite onder die Universiteit se jaarlikse fondsinsamelingsveldtog, Bridge the Gap.

SKENK
OP SNAPSCAN





WOON ONS SWAN-GELEENTHEID AANLYN BY

'n Paneel van ongelooflike Matie-vroue is gretig om hul onderskeie reise met jou te deel en 'n bespreking te lei oor hoe ons almal ons deel kan doen om vooroordele uit die weg te ruim (#BreakTheBias) en kan help om 'n wêreld te kweek wat divers, regverdig en inklusief is. Die bespreking sal gefasiliteer word deur **prof Ingrid Woolard**, Dekaan van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.



Ons paneellede het vir hulself 'n aansienlike reputasie opgebou in regte, finansies en die korporatiewe sektor. Hulle is:

Dr Nicky Newton-King, 'n prokureur vir korporatiewe finansies en sekuriteitsregulering en die eerste vroulike hoof uitvoerende beampte in die 125 jaar geskiedenis van die Johannesburgse Effektebeurs.



Prof Rachel Jafta, 'n gerespekteerde en bekroonde voorspraakmaker vir opvoedkundige ontwikkeling en groei in Suid-Afrika en 'n dosent in Ekonomie.

Sinomtha Zake, 'n finalejaar Matie wat BMus studeer en lid is van die bekroonde Stellenbosch Universiteitskoor.



BESONDERHEDE VAN DIE GELEENTHEID:

DATUM: Donderdag 3 Maart 2022

PLEK: Aanlyn vanuit die Alumni-klubhuis by Die Stal

TYD: 12:30–14:00 SAST

RSVP: Stuur 'n e-pos aan marvin@sun.ac.za as jy graag die geleentheid wil bywoon.



MATIES
ALUMNI



Stellenbosch Vroue-alumnae Netwerk



MATIES ALUMNI

 Stellenbosch Alumni

 @SU_Alumni

 @MatiesAlumni